Hoe om vir persone in regeringsposisies/gesagsposisies te bid

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

1 Timoteus 2:1-2 het 'n baie duidelike opdrag dat ons moet bid "*vir die wat regeer en almal wat gesag uitoefen."* Dit is in direkte opdrag vanuit die Skrif en ons moet dit met groot erns hanteer. Daar is in stryd in die lug aan die gang vir politieke heerskappy oor elke land. Indien die magte van die Bose toegelaat word om ongehinderd te werk en mense te beïnvloed, kry hulle beheer oor 'n land se regering en persone in gesagsposisies. Die gevolge is dan katastrofies. Afgesien van die feit dat die Bose oor persone op politieke vlak beheer wil uitoefen en manipuleer, wil hy ook persone in alle ander gesagsposisies beheer.

A. Vir wie moet ons bid?

1. Die politici - die president, kabinet, parlement, diplomate, opposisiepartye, ambassadeurs, ens.
2. Die regsberoep - regters, advokate, prokureurs, regsadviseurs.
3. Beskermingsdienste - polisiehoofde, weermaghoofde.
4. Geestelike leiers - pastore, predikante, priesters, rabbis en ook vir die geestelike leiers van ander, asook valse godsdienste.
5. Opvoedkunde leiers - onderwysers, inspekteurs, dosente, skoolhoofde, rektors.
6. Kultuurleiers - prominente persone in die vermaaklikheids- en sportwêreld, besture van kultuurorganisasies.
7. Kommersiële leiers - d.w.s. gesagsfigure in die besigheidswêreld, sakeleiers, ekonome, bankiers.
8. Die media - gesagsdraers in die media - koerantredakteurs, uitvoerende amptenare by die radio en TV redakteurs van tydskrifte.
9. Munisipale - en regeringsdiensamptenare - burgemeester, stadsklerk, uitvoerende amptenare.
10. Sosiale leiers - voorsitters van klubs en verenigings.

B. **Waarvoor moet ons vir hulle bid?**

1. Bid vir hulle bekering sodat hulle hul met God sal versoen. Bid dat hulle in kontak sal kom met die evangelie en dat hulle die liefde van God sal ervaar. Bid spesifiek dat die Here mense oor hulle pad sal stuur om teenoor hulle te getuig.
2. Bid dat die Heilige Gees hulle sal oortuig van sonde en dat hulle hul sonde voor God sal bely en daarvan verlos word. Bid veral dat korrupte en ongeredde leiers onder sonde-oortuiging sal kom en dat hulle God se vergifnis sal soek. Bid vir hulle vir rein lewens en sober gewoontes.
3. Bid vir hulle gesinslede (vrouens en kinders); vir hulle redding en dat die familie se lewe die persoon se lewe positief sal beïnvloed.
4. Bid vir die persoon in die uitvoering van sy pligte sodat hy regverdig, menslik en met begrip sal optree.
5. Bid dat die Heilige Gees die liefde van God in die persoon se lewe sal uitstort. "*Want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het* **(Rom.5:5)**.

6. Bid ook ooreenkomstig **Miga 6:8** vir die persoon: *"Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.*
    a) dat hy regverdig sal regeer en doen wat reg is,
    b) dat hy barmhartig, onselfsugtig en sensitief vir die mense se behoeftes sal wees.
    c) dat hy nederig sal wees en telkens sal besef dat hy aan God self rekenskap van sy dade sal moet gee, omdat hy deur God aangestel is.
7. Bid dat onregverdige en goddelose leiers "foute" sal maak wat die evangelie sal bevoordeel.
8. Bid dat tiranne en goddelose leiers hulle magsposisies sal verloor d.m.v. verkeerde raadgewing. *"Dryf hulle uitmekaar, Here, maak hulle taal onverstaanbaar vir mekaar"* **(Ps.55:10).** Bid ook dat die Here slegte regeerders sal verwyder en Godvresende persone in hulle plek sal aanstel.
9. Andersom moet ons ook bid dat die Here die raad van slegte raadgewers sal verbreek en aan die leier wysheid en onderskeidingsvermoë sal gee om te kan onderskei.
10. Bid dat persone wat in komplotte of onheilige sameswerings betrokke is, hetsy die persoon in die gesagsposisie, of persone wat die persoon in 'n gesagsposisie wil benadeel, se planne verbreek sal word.
11. Daar is spesifieke demone wat in die politiek en op regeringsvlak werk. Bid en weerstaan die invloed van hierdie bose magte op individue se lewens in Jesus se Naam. Verbreek die vestings van die Bose in die politiek en in individue se lewens. Verbreek ook die drogredenasies van Satan in die gemoedere van persone in gesagsposisies, veral drogredenasies oor hoe in leier behoort op te tree, wat nie in ooreenstemming met die Skrif is nie.
12. Bid vir die leiers in lande waar daar bloedvergieting, geweld, chaos en anargie is, sodat hulle moeg sal word daarvoor en sal soek na vrede en stabiliteit.
13. Bid dat leiers sal besef dat hulle deur God aangestel is en dat Hy aan hulle gesag gegee het, sodat hulle verantwoordelik sal optree en sal besef dat hulle aan God rekenskap moet gee van alles wat hulle doen.
14. Bid vir die beslissings wat die persoon moet neem, dat dit die regte beslissings sal wees en dat dit in ooreenstemming met die wil van God sal wees. Bid vir die persoon vir Goddelike wysheid waar hy in gesagsposisies verkeer en onder baie spanning dikwels moeilike beslissings moet maak.
15. Bid vir hulle verhouding met hulle personeel en ondergeskiktes; sodat hulle met wysheid en liefde sal optree en andere menswaardig sal behandel.
16. Bid dat die Heilige Gees hulle gedagtes gevange sal neem en dat die Gees hulle denke sal oorheers.

C. Dinge om te onthou wanneer ons vir persone in gesagsposisies bid.

1. Weet dat God in staat is om alle mense, ongeag van wie hulle is, te kan hanteer.
2. Dit is in opdrag van die Here dat ons vir sulke mense sal bid, omdat dit die wil van die Here is dat ons vir hulle sal bid.
3. Die doel van ons voorbidding vir mense in gesagsposisies is:
    a) dat ons in rustige en stil lewe kan lei en
    b) dat die toestande so sal wees dat die evangelie sy snelle loop kan neem.
4. Hou vas aan God se soewereiniteit en almag. Hou vas aan die feit dat God leiers aanstel en wegneem. In **Spreuke 21:1** staan geskrywe: "*Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here, soos in stroom water lei Hy dit soos wat Hy verkies.*"

5. Lees die koerante, luister na die radio en kyk TV. Gebruik die inligting wat jy daardeur verkry om meer sinvol vir persone in gesagsposisies te bid.
6. Maak ‘n lys van die name van die persone vir wie jy gaan bid. Uit die aard van die saak sal jy nie vir alle persone by name kan bid nie. Vra die Heilige Gees om spesifieke persone se name op jou hart te lê en bid vir hulle by name.
7. Maak seker dat daar in jou eie hart geen politieke voorkeur is wanneer jy bid nie. Die ware bidder kan ook nie bid as hy byvoorbeeld, negatief of opstandig is nie. Hierdie dinge sal blokkasies vorm wanneer jy wil bid.
8. Deur ons gebede moet ons regeer. Wanneer ons **1 Tim.2:1-4** lees, is dit duidelik dat die gelowige die politieke situasie in ‘n land deur sy gebede kan bepaal. Dit is die wil van God dat daar goeie toestande in ‘n land sal wees sodat mense ‘n rustige en stil lewe kan lei. Wanneer voorbidders dit weet, sal hulle met soveel meer vrymoedigheid na die genadetroon gaan.
9. Bid vir die persone wat as raadgewers vir die president, eerste minister en ander kabinetslede optree. Hierdie mense het ‘n geweldige invloed in die proses van besluitneming. Kyk goed na **Spreuke 25:5** waar die volgende staan: “*As jy die goddeloses by die koning wegvat, kan hy regverdig bly regeer*.”